# Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans
Jaargang 14, Nommer 4, Desember 2010

**Doendinge vir Afrikaans**
**NUUSBRIEF**
**Amanda de Stadler**
Redakteur
**Phia van der Westhuizen**
Administrasie
**Nolte Smit**
Medewerker
**Milano Drukkers**
Bladuitleg en drukwerk

## ALGEMENE INLIGTING

**Straatadres:**
Banghoekweg 115, Stellenbosch 7600
**Posadres:**
Posbus 3256, MATIELAND 7602
**Telefoon:**
021-808 3744 / 3745
**Faksnommer:**
086 617 1287
**E-posadres:**
vvafr@sun.ac.za
**Webtuiste:**
www.vriendevanafrikaans.co.za

| | |
|---|---|
| **Bank:** | NEDBANK, Stellenbosch |
| Rekeningnaam: | Vriende van Afrikaans |
| Rekeningnommer: | 1071 318 578 |
| Takkode: | 10-71-10 |

Nie-winsgewende organisasie
042-640-NPO

## Kantoorsake

**Kontakpersone:** Die VVA het nou 160 kontakpersone dwarsoor Suid-Afrika! Hulle versprei 1 920 nuusbriewe vir ons gratis, vry en verniet. Baie dankie aan hierdie vrywilligers wat vir die Vriende van Afrikaans baie werd is.

**Woordfees 4 - 13 Maart 2011:** Hou die pers dop vir die volgende aanbieding en moedig liriekskrywers aan om dit by te woon!

**David Kramer aan die woord**

Met die ondersteuning van Vriende van Afrikaans

David Kramer bring sy kitaar, sing stukkies uit sy liedjies en praat daaroor. Hy vertel op sy kenmerkende manier hoe hy te werk gaan as die muse hom ontduik en gee kosbare raad wat spreek van dekades se ondervinding. Hy is bereid om vrae ook te beantwoord.

Tyd: 50 min. Saterdag 12 Maart Maksimum: 100 mense; Klank vir kitaar; 2 mikrofone.

Amanda de Stadler: vvafr@sun.ac.za; 021 808 3744/5 of 082 490 4215

12 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R40

**Vespers van Rachmaninof:** Soos belowe, is die Afrikaanse CD van hierdie pragwerk nou beskikbaar. Jy kan dit by ons bestel teen R120 plus R15 posgeld. Dis regtig 'n geleentheid wat jy nie moet laat verbygaan nie. Om hierdie werk in Afrikaans te hoor, is waarlik 'n voorreg.

*vervolg op bl 2*

**LEES BINNE:**
Ons groet Gideon Joubert bl 3
Rol van Engels oorbeklemtoon bl 5
Waar kom jy vandaan? bl 9

# Kantoorsake

*(vervolg van bl 1)*

- **DK vereer ons voorsitter:** Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur van Die Dameskring wat plaasgevind het op 28 Mei 2010, is besluit om 'n toekenning aan dr Louise Combrink te maak vir haar bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse taal. Baie geluk, Louise! Dis welverdiend.

- **Leesboekies vir Skooltassies:** Ons is behoorlik oorstelp deur die wonderlike reaksie van lede, vriende en ander weldoeners op ons oproep van R2,70 vir 'n leesboekie gepubliseer deur die *Sunday Times*. Ons het binne twee maande genoeg geld (en mense betaal steeds geld in) ontvang om vir 8 000 graad-eentjies volgende jaar elk 'n leesboekie te kan skenk. Vir baie van hierdie kinders sal dit hulle eerste boek wees wat hulle ooit besit.

  Ons werk saam met Solidariteit Helpende Hand wat jaarliks boektassies uitdeel aan kinders wie se ouers dit nie kan bekostig nie. Dr Danie Langner van Helpende Hand skryf as volg oor hierdie wonderlike projek van hulle:

  "? Gebrek aan finansies moet nooit die rede wees waarom ? behoeftige kind nie op gelyke voet sy eerste skooljaar kan begin nie. Dit is waarom Solidariteit Helpende Hand vanjaar weer die enorme taak aanpak om vir volgende jaar se behoeftige Afrikaanse graadeens skooltassies uit te deel. Sedert die nasionale Skooltassieprojek drie jaar gelede afskop het, is skooltassies aan nagenoeg 9 000 behoeftige graadeens regoor Suid-Afrika uitgedeel. Helpende Hand is vanjaar weer oorval met aansoeke vir skooltassies vir volgende jaar se graadeens.

  Die doel van Skooltassieprojek is om uiteindelik toe te sien dat daar nie ? enkele Afrikaanse graadeentjie skool toe gaan sonder die nodige skryfbehoeftes nie. Helpende Hand glo dat onderrig die eerste stap is om die kringloop van armoede te breek. Die regte toerusting sal kinders help om ? opvoeding te kry en sodoende uit armoede te ontsnap.

  Dit is van uiterste belang dat ? gemeenskap self verantwoordelikheid aanvaar vir die beskerming en opvoeding van sy kinders. Helpende Hand doen ? beroep op die publiek om vir ? behoeftige kind ? gelyke wegspringkans te gee. In plaas daarvan om duur Kersgeskenke te koop, gee vanjaar ? geskenk van hoop: Gee aan ? behoeftige graadeen ? skooltassie."

  Baie dankie vir almal wat gehoor gegee het aan hierdie oproep.

- **Top1000:** hierdie klein woordelys met die titel *Basic Afrikaans The top 1 000 words and phrases* sal vroeg volgende jaar beskikbaar wees. Dis 'n Eng/Afr-woordelys geskik vir nie-Afrikaanstalige studente, toeriste, skoliere of enigiemand wat belangstel om die duisend mees gebruikte woorde in Afrikaans in 'n handige formaat beskikbaar te hê. Dit is 'n gesamentlike projek van die WAT en die VVA en word deur Pharos uitgee teen R99 stuk. Ons sal julle laat weet wanneer die boekie verskyn.

- **Floumakoue en Pronkpoue:** Kom ons begin om hierdie toekenings te maak. Ons noem iemand wat Afrikaans te na kom, 'n *floumakou* en iemand wat Afrikaans hoog hou, 'n *pronkpou*. Die VVA se eerste pronkpou is Riaan Cruywagen en ons eerste floumakou is Afrikaanse rugbyspelers wat sulke slordige Afrikaans gebruik en 'n swak voorbeeld stel vir hulle aanhangers. Stuur asseblief voorstelle in!

- **Xhosafrika-netwerk:** Die VVA het saam met 'n hele aantal indiwidue en organisasies uit die burgerlike samelewing 'n netwerk begin van Afrikaans- en Xhosasprekendes wat bekommerd is oor die handhawing en uitbou van hulle kultuur**-,** taal- en erfenisgoedere. 'n Aantal subkomitees is reeds aan die werk. Meer hieroor in 2011.

# BOEKENUUS

## WIE ONTHOU DIE OTTERBOEKE?

In die *Protea Nuusbrief* lees ons dat *Die Otters*, Boek 1*; Die Otters se koshuisstreke*, Boek 2; *Die Otters op die bosveldplaas* Boek 3 en *Die Otters en die huis op die krans*, Boek 4 te koop is by Protea boekwinkels. Oupa of Pa, as Kleinboet nog nie 'n Krismisboks het nie, oorweeg hierdie lekkerleesboeke gerus! (-AdeS)

# My sê

***deur die Spitsraad van die VVA***

Met harte vol dankbaarheid kyk ons terug op 'n goeie jaar. Ons is hartseer oor Gideon wat nie meer met ons is nie, maar trots op sy groot nalatenskap en dat hy vir soveel jare deel was van die VVA.

Ons is ontsettend trots op die Afrikaanse vertaling van die Oggend- en Aandgesange van Rachmaninof wat hopelik vir nog baie jare deur kore in Afrikaans gesing sal word.

Ons wil almal wat op een of ander manier by die Vriende van Afrikaans betrokke was, bedank vir hartlike samewerking en vriendskap en wat ons gehelp het in ons strewe om harte te wen vir Afrikaans.

Ons sluit die jaar af met vesper no 7:

**Eer aan God in die hoogste**

*Eer aan God in die Hoogste en op*
*Aarde vrede.*
*In die mense 'n welbehae.*
*Here God, kom raak tog nou my lippe aan.*
*Dat my mond voortaan U kan roem.*
*U lof besing!*

Mag almal 'n vredevolle, rustige feestyd geniet saam met geliefdes en vriende en dink aan diegene wat minder het.

# KOSTELIK

Toe ek onlangs vir Oom Dirk Rupping uit die Kalahari sê dat ek só teleurgesteld is met 'n sekere kabinetsaanstelling, gesien die feit dat ministers met die hand uitgesoek word, was sy vinnige antwoord: “Mens soek 'n bossie wortels ook met die hand uit”. (-AdeS)

Met erkenning aan *Die Burger*

## Gideon Joubert

Dis met groot hartseer en 'n geweldige gevoel van verlies dat die Vriende van Afrikaans afskeid neem van hulle gewaardeerde oud-ondervoorsitter, Spitsraadlid en die man wat gesorg het dat die VVA nie doodgeloop het na die voortydige dood van prof Johan Combrink nie.

Ons sal Gideon onthou vir sy skerp intellek en ondersoekende gees. Ons sal hom onthou vir die diepgaande kennis wat hy van haas elke onderwerp opgebou het. Ons sal hom onthou vir die verwondering wat hy vir die lewe gehad het. Ons sal hom onthou vir sy groot liefde vir Afrikaans en die kultuur en erfenis wat hy in hierdie taal kon beoefen.

Ons is bly dat hy die heruitgawe van *Die Groot Gedagte* kon beleef en volstaan met die woorde van hierdie merkwaardige groot man:

“Laat ons beskeie wees. Ons weet só min. En wat ons weet, is vae skimme in 'n dowwe spieël. Maar ons het nie 'n keuse nie. Ons móét soek. Om te vind is die voleinding van ons bestaan.” (Uit *Die Groot Gedagte*, p. 17)

Ons diepe meegevoel aan Gideon se geliefde Nita, sy kinders en kleinkinders.

# Hoe kan jy betrokke raak by die mense om jou?

## 'n Handwerkprojek in Scottsville,Kraaifontein.

Vrydae-middae net na skool kom sowat dertig baie entoesiastiese graad 5- en 6-leerders by die Petunia Primêre Skool in Kraaifontein bymekaar om aan ? handwerkprojek deel te neem. Dit geskied onder leiding van Alta Botha, Emarie Buys en Susan Roux. Hulle is al drie vrywillige werkers met 'n hart vir kinders wat nie geleenthede kry nie. Hulle het 'n passie vir handvaardigheidsontwikkeling en voel kinders kan leer om hul omstandighede te verbeter deur 'n handvaardigheid aan te leer. Om kinders op so manier aan te raak, is vir hierdie drie vrywilligers baie betekenisvol.

Die eerste projek waarmee die leerders hulle besig hou, is die maak van kersversierings of geskenkies. Die doel is om die leerders op ? speelse manier te leer van vorm, kleur en tegniek. Dit is verblydend om te sien hoe die leerders dit geniet en hulle vra gereeld of hulle nog kan maak. Die projek wat daarop gemik is om kinders se visuele geletterheid te verbeter, hul handvaardigheid uit te brei tot verskillende mediums en hul selfvertroue te bevorder, lê vir Alta, Emarie en Susan na aan die hart.

Terwyl die kinders werk, word daar klassieke musiek in die agtergrond gespeel en word daar met hulle gesels oor verskillende groot kunstenaars wat die wêreld al opgelewer het.

Die aanraking van kinders se lewens en hoe hulle leefwêreld verbreed word, dien as stukrag vir hierdie “ewigheidswerk” wat gedoen word deur drie ondernemende vroue.

Naskrif: Die VVA gaan help om die biblioteek van Petunia Primêr uit te bou om ook 'n leeskultuur onder hierdie leerders te help vestig. (-AdeS)

**‘n Ster vir Kersfees!**

## 'n Pretdag vir kinders uit plakkerskampe

**Kinderdag in Pretoria**

Op Saterdag, 23 Oktober 2010 is 437 minderbevoorregte kinders uit die plakkerskampe wes van Pretoria, asook die kinders van Huis Jakaranda en Huis Louis Botha is by die Voortrekkermonument Erfenisterrein trakteer met 'n dag vol pret.

Die geleentheid is deur me Alta van der Walt gereël, wat in samewerking met die Kaapse Ryperdklub en die Voortrekkermonument elke jaar 'n pretdag vir minderbevoorregte kinders aanbied.

Die kinders het vroegdag ontbyt op die terrein genuttig en daarna het hulle speletjies gespeel, op spingkastele gespring, prentjies geteken en in die speelpark op die piekniekterrein gespeel. Daar was die hele dag genoeg koeldrank en lekkers vir almal beskikbaar. Na middagete het hulle gratis perdgery en die Monument besoek, voordat hulle teen laatmiddag vertrek het.

Verskeie besighede en ander instansies borg elke jaar die pretdag, wat daarop gemik is om jaarliks 'n ander groep minderbevoorregte kinders te onthaal. Die Voortrekkermonument stel die piekniekterrein gratis vir díe doel beskikbaar. Persone of besighede wat dit oorweeg om in die toekoms hierdie dag te borg, is welkom om direk met Alta van der Walt te skakel by 011 557 9400.

# Rol van Engels?

Die volgende brief het in 2000 in *Die Burger* verskyn. Voel dit nie vir julle ook of die tyd stilgestaan het nie!

**Rol van Engels oorbeklemtoon**

*Deur prof . David E. Barclay, Kalamazoo College Michigan*

Die Burger 21 Maart 2000

As 'n Amerikaanse professor wat baie tyd in Suid-Afrika en Europa deurbring, stel ek baie belang in die debat oor die huidige en toekomstige rol van Afrikaans in Suid-Afrika.

Ek is aan die hoof van 'n universiteitsprogram oor gebiedstudies in die VSA en kom daagliks in kontak met kwessies oor globalisering.

Dit blyk dat baie Suid-Afrikaners, ook Afrikaanssprekendes, die ingewikkelde magte tussen globalisering aan die een kant, en die voortgesette en groeiende belangrikheid van ``plaaslike'' tale en kulture aan die ander kant, nie begryp nie.

Gevolglik lê hulle heeltemal te veel klem op die rol wat Engels in beide die wêreldekonomie en in Suid-Afrika speel. Ter illustrasie wil ek vier hoofpunte maak:

(1) Dit is nie nodig om Engels vlot te praat om sukses in die wêreldekonomie te behaal nie. 'n Kollega wat van Puerto Rico afkomstig is, het een keer gesê Engels in die sakewêreld en in die natuurwetenskappe stem min ooreen met die moedertaal Engels. Dit hoef ook nie meer as dit te wees nie.

'n Baie basiese Engels is genoegsaam in die meeste wêreldtransaksies. Die Engelse vermoë van die meeste gegradueerdes aan Afrikaanse universiteite is meer as genoeg vir die wêreldmarkte. My ondervinding is dat baie van hulle veel beter voorberei is as die produkte van Engelse universiteite.

(2) Nie-Engelstalige ``minderheidsuniversiteite'' floreer in die wêreldekonomie. Die opvatting dat daar geen plek vir Afrikaanse universiteite in Suid-Afrika is nie, is absurd.

Franse universiteite in Kanada is internasionaal mededingend, en hulle het pogings om onderrig in hul moedertaal af te water, suksesvol afgeweer.

Wat die argument betref dat Frans en Afrikaans nie met mekaar vergelyk kan word nie, kan ek net daarop wys dat Frans 'n minderheidstaal in Noord-Amerika is, en dat dit ook nie meer as 'n wêreldtaal beskou kan word nie, behalwe miskien in Franstalige Afrika lande.

Die ekslusiewe gebruik van Engels in toerisme en bemarking is sowel vernederend vir Afrikaanssprekendes as ekonomies onnodig. Verskeidenheid, nie eenvormigheid nie, is die kenmerk van die wêreldekonomie. Wanneer ek na Frankryk gaan of na Italië verwag ek nie dat elke spyskaart, elke bottel wyn en elke toeristegids in Engels moet wees nie. Baie van die bekoring van buitelandse besoeke lê daarin om met baie verskillende tale te doen te kry. Ek kon tuis gebly het as ek net Engels wou hoor of lees.

Ek vind dit dus vreemd en hinderlik om in Suid-Afrika net Engelse wynetikette of Weskus toeristebrosjures net in Engels aan te tref.

Ek was onlangs op Swellendam en was verstom om te sien dat 'n puik boekie oor die Drostdy Museum net in Engels beskikbaar is. En dit op 'n dorp met so 'n lang Nederlandse en Afrikaanse geskiedenis.

(4) Die opvatting dat die Afrikaanse woordeskat nie genoegsaam vir die wêreldekonomie is nie, is bisar. Mnr. P. du P. la Grange het hierdie argument in menings van 4 Maart aangevoer, maar dit sal eenvoudig nie by noukeurige ondersoek steek hou nie. Ek is geïmponeer deur die wyse waarop Afrikaans homself maklik aanpas by nuwe tegnologie en praktyke. In elk geval, sy uitdrukkingsvermoë is dikwels baie groter as dié van Engels.

Ek kan nie die gretigheid van soveel Suid-Afrikaners, van ANC politici tot die rektors van vooraanstaande Afrikaanse universiteite, verstaan wat 'n uitgediende en irrelevante wêreldbeleid van kulturele eenvormigheid en institusionele sentralisasie in Suid-Afrika aanhang nie.

Die ryke en wonderlike uitdrukkingsvolle Afrikaanse taal is een van u land se ware bates. Ek is egter bevrees dat indien te veel Afrikaanssprekendes die anachronistiese uitkyk van leiersfigure in die universiteitswese aanhang, sal Afrikaans binne dekades as literêre en wetenskapstaal sterf.

Dit sal 'n geweldige verlies wees, nie net vir Suid-Afrika nie. Dit sal ook onnodig wees. Die wêreldekonomie het meer verskeidenheid nodig, nie minder nie. Dit benodig verskillende kulture en nie 'n flou Engelstalige eenvormigheid nie.

(Brief uit Engels vertaal)

# Boekenes!

Daar word vertel dat 'n seuntjie in die ou dae op 'n hoop melkbottels afgekom het. Hy vertel toe vir sy ma dat hy 'n koeines gesien het.

Phia-hulle se bakkie was verlede week nie 'n koeines nie, maar 'n boekenes, vol boeke wat ons moes gaan oplaai om te keer dat dit verpulp word. Ons het pragtige kinder- en jeugboeke uitgesoek wat ons aan skole gaan gee wat op ons Boekewoekerlys is! (-AdeS)

Phia en Amanda in die boekenes!

## 'n Droom... of was dit?

Ek het gist'raand 'n droom gedroom
Van katte en kiwi's en aarbeie en room

Ek kon vlieg en ek kon bely
Het doer bo in die wolke gebly

Vlerke het ek nie gehad nie,
Want daarby het ek nie gebaat nie

Ek't verkies om te vlieg met die vlerke van genade, die vlerke van geloof
Op dié manier hoef ek my nie af te sloof

Ek kon vertrou op God, en kan ek nie nog steeds nie?
Miskien was dit nie net 'n droom gewees nie...

Marette Vorster (13jaar), van Beaufort-Wes

# Stories & staaltjies

Na aanleiding van Nolte Smit se oproep vir stories en staaltjies, stuur mnr Kerneels de Jager van Hermanus die volgende bydraes:

**Ouers van Dawid**

Baie jare gelede, veral in die winter, wanneer die ouer oom en tannies koud kry, moes ons laerskoolleerders wat in die koshuis gebly het, die kerk gaan volsit het op 'n Woensdagaand vir biduur - die hoërskoolkinders moes studeer - sodat die dominee darem 'n gehoor kon hê. Hy kon mos tog nie vir leë banke preek nie. Dan onthou ek dat van die ouer mense wat die koue trotseer het, gereeld gebid het vir die "ouers van Dawid". Toe kon ek nie lekker die kloutjie by die oor kry nie. Later sou ek maar agterkom hul bid vir die " oues van dae".

**Die leeu storm!**

As die gemeentelede die Halleluja-lied "As die lewenstorme woedend om jou slaan" sing, het ek gehoor hulle sing: "As die leeu storm, moet jy woedend slaan". Nodeloos om te sê het ek nie verstaan hoekom 'n mens só dom sou wou wees nie!

**Alle voor- en teëspoed**

My vrou, Chris, het op 'n stadium onderwys gegee vir 'n klompie Nama-kinders. Sy het lief geraak vir hulle, met al hul probleme. Een van hulle moes op 'n bruilof gehoor het dat die bruid en bruidegom as volg vir mekaar belowe: "Ons sal bymekaar staan, in voor- en teëspoed". Op my vrou se verjaardag kry sy 'n kaartjie van een kind met die inskrywing: "Vir u nuwe jaar wens ons u toe: Alle voor- en teëspoed". My vrou het die goeie wense aanvaar in die positiewe gees waarin dit bedoel was!

**Kurk-kurk droog**

Wanneer 'n Boesmanlander reën kry, bly hy tjoepstil, want 'n buurman mag dalk kom weiding vra vir sy maer lammerooie. So sê Jaap toe vir Frikkie: " Jy hoef nie te lieg oor die reën wat gister daar by jou geval het nie; ek het dit gesien". "Jy's reg, broer", en met sy duim dui hy die grootte van die reëndruppels aan, "maar glo my, broer, elkeen van daai druppels was kurk -kurk droog".

# HAT

## SKOOLWOORDEBOEKPROJEK

Deur Michelle van der Merwe - projekleier

Woordeboeke is onlangs op Wellington aan verskeie skole oorhandig wat deelgeneem het aan die Sentrum vir Multigraadonderwys se HAT Skoolwoordeboekprojek. Die projek is 'n goeie voorbeeld van kooperatiewe leksikografie waar 'n groot groep rolspelers betrokke was, insluitende leksikograwe, navorsers, onderwysers, studente en leerders. Ons plaaslike skoolgemeenskap is betrek en kon dus ook voordeel trek uit die projek. Befondsing is ontvang van Nederland en Pearson Education.

Die projek is verlede jaar geloods en het veral gefokus op die aanleer van woordeboek-vaardighede deur graad 4-leerders. Baanbrekersnavorsing is gedoen, aangesien dit die eerste keer is dat soiets in Suid-Afrika gedoen word. Leeruitkomste van die huistaalkurrikulum is bestudeer en toegepas op woordeboeke. Onderwysers het saamgewerk om 'n toets op te stel om leerders se woordeboekvaardighede te toets. Nadat die woordeboekvaardigheidstoetse geskryf is om vas te stel oor watter vaardighede leerders beskik, is daar doelbewus op die leemtes in die vaardighede gefokus. Onderwysers is opgelei om woordeboek-vaardighede aan leerders te onderrig. Leerders het spesifieke onderrig in woordeboek-vaardighede ontvang en geleer om al die inligting in 'n woordeboek te ontsluit. Onderrigmateriaal vir spesifieke gebruik van HAT Skoolwoordeboek is opgestel en ook aan onderwysers versprei.

Die doel van die projek is om leerders van jongsaf te leer om 'n woordeboek te gebruik, om leerders aan te moedig om woordeboeke te gebruik en ook om ouers en onderwysers bewus te maak van die probleemoplossende potensiaal van woordeboeke- so kan 'n woordeboekkultuur in Suid-Afrika geskep word.

(Kontak Michele Van der Merwe - VanDerMerweM@cput.ac.za vir meer inligting.)

# Vra Vriendelik vir Afrikaans

## "Ou spreekwoorde deur 'n nuwe bril"

Johan Nothnagel

Een van ons lede, Piet Erasmus van Vishoek, beveel die volgende publikasie aan:

Ek het onlangs hierdie boekie, *Ou spreekwoorde deur 'n nuwe bril*, aangeskaf nadat Martiens van Bart daaroor geskryf het in *By*, bylaag tot Die Burger. Dit is werklik 'n juweel. Die aantal spreekwoorde wat uit die era van die trekdiere en waens in Afrikaans ontstaan het, is ongelooflik. Die skrywer het sketse agter in die boekie wat verduidelik wat presies 'n disselboom, trektou, jukskei, strop, ens. is.

Hier volg enkele van die meer as 500 spreekwoorde wat bespreek word:

- Weet jy dat "hotom" nie altyd links beteken nie? Dit word in die boekie verduidelik.
- "Lig in die broek" het niks met 'n mens se klere of liggaamsbou te doen nie.
- Kan dit wees dat "'n regte turksvy" na iets heel anders as die probleem self verwys?

Die boekie kos R139.00, posgeld ingesluit, en kan bestel word van die skrywer self: Johan Nothnagel , Gazellestraat 5, Uitzicht, Durbanville 7550.

## 'n Brief van 'n leser

Beste Amanda

Ek en my man het gister by die Voortrekkermonument na die Vespers van Rachmaninof gaan luister... Met die son wat al laer gesak het teen die "katedraal" se groot venster, het die Aandgesange betekenis gekry en ná die kort pouse, kon ek voel hoe dit oggend word in my hart met die sing van die Mette.

Maar sonder Leon Starker en sy uitmuntende koor, sou dié belewenis nie moontlik gewees het nie. Elke koorlid se gesig was vol passie, elke stem vol emosie. Dra asseblief my innige dank en gelukwense oor aan Leon en die koor.

Die woorde van al die Gesange sal ek weer en weer kan lees danksy 'n wonderlike program - dankie vir die volledigheid daarvan. En soos daar ook tereg in die program staan, wás dit 'n "luisterervaring van 'n grootse werk".

Alles wat mooi is

Nilla Vosloo

# Kommersiële projekte van die Erfenisstigting

Om aan die Nasionale Omgewingsbestuurswet, Wet 107 van 1998, Afdeling 24 en die Nasionale Erfenishulpbronnewet, Wet 25 van 1999, Afdeling 38 te voldoen, word daar vir projekte van 'n sekere omvang 'n erfenisimpakstudie verlang. Soortgelyk word daar 'n bewaringsbestuursplan benodig as daar werk aan strukture ouer as 60 jaar beoog word. Die bewaringsbestuursplan vir so 'n struktuur moet die permitaansoek aan die verantwoordelike erfenisowerheid (nasionaal of provinsiaal) vergesel.

Om die Erfenisstigting se inkomste aan te vul en by te dra tot volhoubaarheid, is daar besluit om die Erfenisstigting se bestaande dienste uit te brei om ook voorsiening te maak vir die lewering van spesialiskonsultasiedienste teen betaling. Met die oog hierop het die Erfenisstigting pas 'n addisionele aanstelling gedoen, in die persoon van mev Leonie Marais-Botes, as Bestuurder: Erfenisbewaring. Mev Marais-Botes het uitgebreide ervaring in die doen van omgewingsimpakstudies en die opstel van bewaringsbestuursplanne. Sy was al suksesvol betrokke by 'n groot aantal en verskeidenheid sulke projekte.

Vanweë haar spesialiskennis en ervaring in hierdie verband, sal mev Marais-Botes ook verantwoordelik wees vir die oorhoofse bestuur van die Erfenisstigting se betrokkenheid by konsentrasiekampbegraafplase en burgergrafte, asook bannelinggrafte in die buiteland. Die toepaslike Memorandum van Oorenkoms tussen die SA Erfenishulpbronagentskap en die Erfenisstigting sal eersdaags onderteken word.

Graag word die dienste van mev Marais-Botes aangebied aan persone wat teen betaling daarvan gebruik wil maak. Die inkomste aldus gegenereer sal help om die groei en volhoubaarheid van die Erfenisstigting, in belang van Afrikanererfenisbewaring, te ondersteun.

Navrae kan gerig word aan die HUB of aan Mev Leonie Marais-Botes, by
hub@erfenisstigting.org.za of
leonie@voortrekkermon.org.za.
Sy kan ook gekontak word op haar selfoon by 082 576 6253.

# BOEKENUUS

'n Ideale Kersgeskenk aan iemand vir wie jy omgee!

deur Petro Rhode

Die geestelike boekie, "My kairos-oomblik" is verlede jaar op 31 Augustus 2009 by die Meulstraat Biblioteek in Paarl bekendgestel. Dit is 'n selfpublikasie en die skrywer het 'n sekere aantal boeke laat druk om onder vriende en familie verkoop. Die boekie het egter so goed verkoop dat 'n herdruk nou beplan word. Indien jy deur 'n krisis gaan, of as jy weet van iemand wat by 'n kruispad is, moet jy gerus hierdie boekie aanskaf. "My kairos-oomblik" is 'n geestelike boekie, bestaande uit gedigte, gedagtes en gebede. Die inhoud bestaan uit die skryfster se eie ervaringe, maar handel grotendeels oor vroue wat deur verskeie seisoene in die lewe gegaan het.

*Dat jy sal dans*

*Dis my wens*

*dat jy sal dans…*

*dans*

*as jy doudruppels op blare sien*

*as die reën op jou lyf neerval*

*as 'n reënboog deur die onweerswolke breek as jy deur 'n tuin loop en rose, kruisement en frangapane ruik dis my wens dat jy sal dans dans as jy eensaam deur die barre woestyn beur dans as jou kinders nie meer soos olyfboompies om jou sit dans as die spasie om jou jou in 'n noute druk want dan sal jy passievol voortdans as jou grondgebied veel groter is.*

*Dis my wens*

*dat jy sal dans!*

Titel: My kairos-oomblik

Skrywer: Petro Gordon Rhode

Prys : R120 (posgeld ingesluit)

Bestel gerus by plmrhode@yahoo.com

## *Waar kom jy vandaan?*

## *Kry jou stamboom by 'n e-winkel*

Het jy geweet dat GISA op Stellenbosch die plek is waar daar familienavorsing oor Suid-Afrikaners gedoen word - dis nou sover daar inligting beskikbaar is. Daar kan jy jou voorgeslagte kom soek of namens jou laat opsoek deur vryskutnavorsers. Gaan kyk ook na die databasis op ons webwerf www.gisa.org.za waar besonderhede oor meer as 10 000 vanne nageslaan of bestel kan word. Baie van hierdie vanne, veral die kleiner families wat minder as 20 reëls beslaan, is gratis beskikbaar. Die groter families se inligting kan jy bestel teen R3 per bladsy plus R25 posgeld en hanteringskoste per bestelling.

Al die A- tot Z-vanne is steeds in drukformaat (17 volumes) en kompakskywe beskikbaar as die SAG-reeks en kan bestel word van die e-winkel. Individuele vanne kan as alternatief per familie elektronies afgelaai word nadat 'n bestelling by die ewinkel geplaas is. Vanne van L tot Z se inligting strek van die stamvader tot ongeveer 1900.

Bederf jouself, jou familie, of jou vriende met 'n Kersfeesgeskenk in die vorm van 'n genealogiese SAG-publikasie! Kontak ons gerus by info@gisa.org.za of orders@sun.ac.za vir verdere inligting.

### A.Toets jou spelvermoë

huis toe of huistoe

terleurgesteld of teleurgesteld

terreine of terreinne

wel en wee of wel en weë

maandelliks of maandeliks

kwartaalliks of kwartaaliks

### B.Toets jou woordeskat

Wat is 'n vaakbra?

# Vra Vriendelik vir Afrikaans

## AFRIKAANSE DAGBOEK VIR 2011

Die Jong Dames Dinamiek en Die Dameskring het pas een uitgebring teen R110 per dagboek. Hierdie ideale kersgeskenk kan bestel word by die kantoor van Die Dameskring by 011-4828228.

In *Dagboek 2011* is daar spesiaal vir jou:

- 24 Volkleur kunswerke spesiaal vir die dagboek geskilder
- 2 Vrolike buiteblaaie in ryk kleure
- 2 Kleurvolle lintplekhouers
- Ten volle tweetalig
- Plastiekdriehoek agterin vir los papiertjies
- Maandkalenders per dag
- Notabladsye tussen elke maand
- Sielsverrykende aanhalings op elke bladsy EN - nou vir die eerste keer - langer "Vrou-stukkies" (in Afrikaans!) by elke Sondag pragtige bydraes deur lede van Die Dameskring.

## Gedigte van Herman Charles Bosman

“Ek neem my staanplek in op die bodem van Afrika. Ek glo dat Afrikaans die grootse roeping het om die romantiese inspirasie van Afrika in 'n magtige letterkunde uit te beeld..” (HCB uit *Verborge Skatte* saamgestel deur Leon de Kock, uitgegee deur Human & Rousseau)

Het jy geweet dat Bosman ook 'n digter was? Ons haal vir jou een aan uit *Verborge Skatte*.

Vernietiging
Dis 'n wonderlike ding
Om gebore te wees uit 'n nasie
Wat hulle byna uitgedelg het:
Met honger en geweld
Met lis en swaard
En met laagheid
Dis 'n digterlike iets
Om te behoort aan
'n Nasie
Wat hulle byna uitgeroei het:
'n Nasie
Wat byna omgekom het,
En hierdie is sy taal.

(Dankie aan ds A Bezuidenhout wat hierdie inligting daar uit die Bosveld vir ons aangestuur het. - AdeS)

# Borg 'n Woord!

Na aanleiding van hierdie veldtog van die WAT (jy kan R20 000 wen as jy deelneem), het die VVA die woord **sterrekunde** vir Gideon Joubert geborg en die sertifikaat wat uitgereik is deur die WAT, aan sy vrou, Nita, oorhandig.

Volg gerus ons voorbeeld en borg 'n woord teen R100 per woord en help só dat ons kosbare taal opgeskryf word. Mens kan 'n woord borg vir jou kleinseun (bv. rugbybal) of vir jou skoonma (bv. derduiwel) wat op 'n sertifikaat verewig word en aan jou gepos word. Stuur 'n tjek of bewys van direkte inbetaling en jou naam, (e-pos)adres en telefoonnommer met Borg 'n Woord as verwysing na WAT Trust, Posbus 245, Stellenbosch of wat@sun.ac.za, of faks dit na 021 8839492. Bankbesonderhede: WAT Trust, Standard Bank, rekno. 072264578, takkode 050610.Sluitingsdatum 21 Maart 2011

David Kramer sê: *Afrikaans is die taal van my hart. Kom ons help die WAT om hierdie hartstaal, wat so 'n groot deel van ons menswees vorm, te verewig. Dit sal bakgat wees as almal deelneem.*

# Taaltoffies

**A.Toets jou spelvermoë**

huis toe
teleurgesteld
terreine
wel en wee
maandeliks
kwartaalliks

**B.Toets jou woordeskat**

'n Vaakbra is 'n oningeligte persoon (bra=broer)

**BAIE DANKIE!**

**'n Spesiale dankie aan almal wat so flink gereageer het op ons versoek om hul jaarlikse bydraes aan ons te stuur. Die reaksie was oorweldigend. Ons kan maar net sê: "Julle is ware vriende van Afrikaans!"**

# KOOPDINGE in AFRIKAANS

# Tergende vrae

- As al die lande in die wêreld diep in die skuld is, waar gaan al die geld heen?
- As hulle 'n nuwe hondekos met 'n beter smaak op die mark bring, wie het dit getoets?
- Hoekom is walvisse so vet as swem sulke goeie oefening is?
- Hoekom krimp 'n woltrui in die reën, maar nie wolskape nie?
- Hoekom het 'n broodrooster 'n verstelling wat 'n sny brood verbrand sodat niemand dit kan eet nie?
- Hoekom is daar 'n liggie in die yskas, maar nie in die vrieskas nie?
- Hoe lank kan 'n vlieg in die yskas oorleef?

Die volgende items is by die kantoor te koop:

1 **CD:** Ou Vriende (Dubbelalbum) van Afrikaanse kunstenaars en kore (R100.00)

2 **CD:** Vespers van Rachmaninof (R120)

3 **Boek: Dae uit ons Geskiedenis** R230.00

4 **Voetslaankaart van Tafelberg:** R20.00

5 **Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160.00

6. **DVD: Die Leeu van Wes-Transvaal -** Generaal Koos de la Rey ('n dokumentêr): R100.00

(R20.00 per bestelling moet ongelukkig gehef word vir posgeld en verpakking.)

Laat weet ons asseblief van enige adresveranderinge, en ook as u die nuusbrief liewer per e-pos wil ontvang. As u sou wou, kan u Doendinge gerus dupliseer en verder versprei.